19 Desember 2021

FAMILIE TUISBLAD

Miga 5:2-5a

Wat nou?
Dit gebeur nie eintlik dat ‘n mens ‘n geskenk oopmaak en dan net die geskenk weer terugsit in die boks en nie daarmee speel of dit gebruik nie. Vandag se teks herinner ons dat God se liefde ‘n geskenk aan ons is, wat ons moet gebruik om die wêreld te wys wie God is. God stuur ons tot in die uithoeke van die aarde om vir ander te gaan vertel wie God is.

Lees: Miga 5:2-5a

Gesels:

- Gesels oor wie jou van God vertel het. Hoe het dit gebeur? Kan jy onthou wanneer dit was?
- Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons vir ander van God vertel?
- Wat sal jy sê as jy vir iemand moet vertel wie God is?

Bid: Neem die Adventgebedsblokkie, wat ons herinner dat ons grootste geskenk Jesus se liefde is, en rol die blokkie elke dag 3 keer. Bid vir die dinge waarop die blokkie land.

Doen: Ons opdrag vandag is om tot die uithoeke van die aarde te gaan vertel van die liefdesgeskenk wat God vir ons gegee het. Ons moet ook hierdie geskenk, om ander van Jesus se liefde te vertel, gebruik. Maak aardbol versierings wat julle aan julle Kersboom kan hang of maak Kerskaartjies wat julle vir iemand kan stuur. As julle wil, kan julle gaan oplees oor hoe ander lande Kersfees vier.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **God se liefdesgeskenk** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:
Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za